

VEELS GELUK AAN ALMAL WAT HIERDIE WEEK VERJAAR!

Vandag:	Ian Coetzee, Maretha Heyns, Phillip Hough, Tuvya Hough, Chris Lewis.
Maandag:	Lynne Human, Susan Joubert, Alan van Heerden.
Woensdag:	Urda Lombard.
Donderdag:	Larissa van der Vyver.
Vrydag:	Evert Reynolds, Christo Rust, Ruben Strick, Ria Visser.
Saterdag:	Lida Agenbag, Marius Grobler, Nina Mynhardt, Frans Rossouw.

Sir Lowry's Pass Vloedslagoffers – Steeds Hulp Gevra Asb!

Een van ons lidmate, Elna Visagie, werk reeds 'n aantal maande daaraan om talle gesinne, wat alles verloor het in die vloede, se nood te verlig. Kom ons kyk of ons haar kan bystaan met een of meer van die volgende behoeftes:

1. Gereedskap – vaardige manne het reeds begin om self meubels te maak
2. Vervoer - veral vir groter items soos beddens en kaste wat geskenk word
3. Yskaste - wat deur 'n paar huise gedeel kan word
4. Mikrogolfoonde, ou Mikrogolf Kookboeke
5. Ou selfone, laaiers en kables
6. Klerehangers

Kontak asb vir Elna Visagie (079 275 7055) of Andre du Toit (083 675 6932) as jy enigins kan help.

HSFA

Helderberg Society For The Aged

Feesmark: 2 Desember

9:00 - 12:00

By Huis Vonke

(121 Lourensfordweg)

Kom ondersteun die inwoners!

Jy kan ook van die **Snapscan** toepassing op jou slimfoon gebruik maak om jou dankoffer weekliks (tydens eredienste) en maandeliks te gee. Onthou asb. die regte verwysing. **B**ankoffer vir dankoffer tydens erediens **D**ankoffer vir maandelikse dankoffer.



FAMILIENUUS

SONDAG 26 NOVEMBER 2023

WELKOM BY VANDAG SE EREDIENSTE

Vandag is die laaste Sondag van die Kerkjaar, en staan bekend as **Sondag van Christus die Koning**

09:00: HENNIE FOUCHÉ

SKRIFLESING: SPREUKE 18:20 - 21

TEMA: WOORDE WEK, EN TREK (BEÏNVLOED) OOK



Kom drink gerus koffie / tee na die diens en kuier met mekaar.

Kerssangdiens vanaand om 19:00 -

saam met die koor van Hoërskool Parel Vallei

Kom neem deel aan hierdie baie spesiale diens..

Alle laerskool-kindere wat graag saam met Josef en Maria wil instap in die kerkgebou, kom voor die diens in die familiekamer bymekaar. As julle wil aantrek soos 'n herder of skaapwagter, is julle welkom.

Bring 'n pakkie "droë koekies" saam as kersgeskenk aan 'n bejaarde bo 80 jaar. (Jy kan dit ook gedurende die week by die kantoor afgee.)

Bring ook 'n bordjie eetgoed saam - indien moontlik. Tee, koffie, vrugtesap sal verskaf word, en ons kuier gesellig saam na die diens.



Leraars: Hennie Fouché 082 859 5646; hennie@nghottentotsholland.co.za

Ewald J van Rensburg 082 451 2584; ewald@nghottentotsholland.co.za

Kerkkantoor: Pleinstraat 20, Somerset-Wes, 7130 Maandag tot Vrydag 08:30 - 13:00

Telefoon: 021 852 5004 **E-pos:** admin@nghottentotsholland.co.za

Bankbesonderhede: NG Kerk Hottentots-Holland; ABSA Rek 2900 5900 51

Direkte Erediens-uitsendings: <https://live.eclipse-streaming.co.za/NG-HH-vjs/>

YouTube adres: <https://youtube.com/channel/UC6L00Ch0mvcwrmqkl1iWULA>

Baie dankie

Die jaar 2023 is stadig, maar seker besig om die laaste dae en ure af te tik. Ons kyk met verwondering terug oor die pad waarop die Here met ons, ons gemeente en ons gemeenskap gestap het. Ons is dankbaar dat ons in die afgelope jaar kon onderskei waar die Here reeds besig is, en dat ons ook daar besig kon raak. Ons is dankbaar vir mense wat ons lewens aangeraak het, en wie se lewens deur ons aangeraak is. Ons is dankbaar dat die Here - ook deur medegelowiges - ons hand gevat het toe die opdraandes soms steil is. Ons is dankbaar oor elke projek wat ons gemeente kon aanpak het. Ons is intens dankbaar vir elkeen wat - voor of agter die skerms - 'n bydrae gelewer het. **Dankie aan elkeen** wat haar / gawes gebruik het en bygedra het tot die opbou van ons gemeente (Ef 4:7v). Mag ons almal die ruskans wat voorlê geniet, goed wees vir onself, ons kragte herwin, en die 2024-pad met nuwe ywer en verwondering stap.

Broodjies vir Aanhouwen

Ja, ons gemeente is nogsteeds betrokke by hierdie projek! Elke Donderdag en Vrydag is daar heelwat van ons gemeentelede wat toebroodjies by Aanhouwen aflaai:

BAIE DANKIE VIR JUL GETROUE, ONBAATSUGTIGE DIENS.


Hoe meer mense natuurlik betrokke is, hoe minder gereeld hoef elke persoon broodjies te maak. Indien jy graag in 2024 deel van hierdie uitreik wil wees, kontak asb. vir Talita by tel 082 570 9794.



Bybelgesprek-afsluiting
Woensdag 29 November, 9:00
Ons kuier saam by **Spoon Bakery & Eatery**,
Dramastraat 1, The Avenues Sentrum

VANDAG SE DEUROFFERS: Instandhouding van ons geboue/terrein

TIENDEMAAND DANKOFFERS



Mikpunt:
R 650 000

Reeds ontvang:
R308 000

**Baie dankie aan
almal wat reeds
bygedra het!!**

Hierdie fondsinsameling van ons gemeente word verbind aan die *tiende maand* van die jaar, maar jy is welkom om jou spesiale bydrae enige tyd in te handig. Alles wat ontvang word tot einde Februarie 2023 vorm deel van hierdie jaar se insameling. Jy kan jy jou spesiale bydrae gee d.m.v. EFT, Snapscan of 'n Tiendemaand dankoffer koevert.

Dit is baie belangrik om die verwysing "10 de Maand Dankoffer" aan te bring by 'n EFT asook Snapscan betaling. U naam is opsioneel.

Bankbesonderhede: NG Kerk Hottentots-Holland, ABSA
Tjekrekeningnommer: 2900 5900 51, Takkode: 632005.

Kersete in die kerksaal !

Is jy dalk alleen op 25 Desember?

Ons gemeente beplan om op Kersdag 'n **GRATIS** middagete aan te bied vir diegene wat andersins alleen sou wees. As jy op Kersdag alleen is, of weet van iemand wat alleen gaan wees, kontak asseblief die kerkkantoor en gee die naam en 'n kontaknommer. Sê asseblief ook as jy / die persoon vervoer nodig het.

As jy 'n bydrae wil maak vir hierdie vreugdevolle geleentheid, kan jy dit elektronies oorbetal (verwysing **Kersete**). As jy op enige manier wil help met hierdie ete, kontak vir **Izelle Bester (084 652 1693)**



www.CreativeChurches.co.za